

*Maandag 29 September*

**Skrifgedeelte: Openbaring 8:1-5**

**Fokusgedeelte: Openbaring 8:4-5**

**God laat die skepping reageer wanneer die koninkryksgebede van die gelowiges deur God verhoor word**

Johannes vertel in ons teksgedeelte verder van 'n visioen wat God hom laat sien het. Jesus maak die boekrol wat geseël is met sewe seëls, oop. Dit beteken dat Hy God se plan van oordeel oor die sonde en oorwinning oor Satan uitvoer. Soos wat die visioen verloop, sien ons hoe Jesus die seëls een vir een oopmaak en hoe die sondige mensdom met die oopmaak van elke seël op 'n ander manier gestraf word.

In ons teksgedeelte maak Jesus dan die laaste seël oop. Daar is vir omtrent 'n halfuur lank stilte in die hemel, want die oordeel van die sewende seël is buitengewoon groot. Daar is sewe engele met sewe trompette. Hulle gaan hierna elkeen om die beurt op hulle trompette blaas om elke keer 'n volgende oordeel aan te kondig.

Voordat hulle op hulle trompette blaas, gebeur daar egter iets anders. Johannes sien 'n ander engel wat 'n goue wierookbak na 'n altaar toe dra. Dit is 'n beeld van die versoenoffers van die Ou Testament.

Binne-in die wierookbak is daar gloeiende kole, wierook en die gebede van al die gelowiges. Dit simboliseer ons gebede wat skoongebrand word sodat dit koninkryksgebede is. Die kern van die gebede is die woorde "laat u koninkryk kom" soos Jesus ons geleer het om te bid.

Die gebede en die vuur word dan op die aarde uitgegiet en die gevolge daarvan is geweldig. Die stilte word die storm. Die koninkryk van God is aan die kom. Almal wat teen Hom in opstand is, word geoordeel.

God gebruik ons nietige gebede wat deur Christus gelouter is as instrument in sy hand met die oordeel van die wêreld en in die oorwinning van die vyand. Dit bemoedig ons om saam met al die gelowiges te bid: "Laat U koninkryk kom."

*Sing: Skrifberyming 28:1-4*

*Ds. FF (Frikkie) Deysel (Venterstad)*